MC

Saak nr 144/87.

| | |
|---|---|
| CASE RABUTLA | Eerste Appellant |
| CLIFFTON PHASWA | Tweede Appellant |
| JOMYT MBELE | Derde Appellant |

\- en -

DIE STAAT

VIVIER AR.

MC Saak nr 144/87

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

CASE RABUTLA Eerste Appellant

CLIFFTON PHASWA Tweede Appellant

JOMYT MBELE Derde Appellant

- en -

DIE STAAT Respondent

CORAM: VAN HEERDEN, VIVIER ARR et STEYN WND AR.

VERHOORDATUM: 20 AUGUSTUS 1987

LEWERINGSDATUM: 27 AUGUSTUS 1987

---

U I T S P R A A K

---

VIVIER AR :-

Die drie appellante, na wie ek as beskuldigdes 1, 2 en 3 onderskeidelik sal verwys, is in die Noordelike Rondgang Plaaslike Afdeling op Tzaneen deur CURLEWIS R en twee assessore op drie aanklagte skuldig bevind: een van moord, een van verkragting en een van menseroof. Geen versagtende omstandighede is tov die moordaanklag bevind nie en al drie beskuldigdes is op hierdie aanklag ter dood veroordeel. Al drie is ook op die aanklag van verkragting ter dood veroordeel. Op die aanklag van menseroof is elke beskuldigde tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis. Die Verhoorregter het aan beskuldigde 1 verlof verleen om na hierdie Hof teen sy skuldigbevinding op die moordaanklag sowel as teen die doodvonnis wat hom op die

aanklag van verkragting opgelê is, te appelleer, Hy het aan beskuldigdes 2 en 3 verlof verleen om slegs teen die doodvonnis wat hulle op die aanklag van verkragting opgelê is, te appelleer. Na 'n petisie aan die Hoofregter het hierdie Hof aan beskuldigdes 2 en 3 verlof verleen om teen die skuldigbevinding aan moord sowel as teen die bevinding dat daar by die pleging van die moord geen versagtende omstandighede was nie, te appelleer. By die verhoor van die appèl is aan beskuldigde 1 verlof verleen om te appelleer teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandig= hede by die moord was nie. Om op te som: daar is geen appèl teen die skuldigbevinding op die aanklag van verkragting nie. Al drie beskuldigdes appelleer teen hul skuldigbevindings op die moordaan= klag sowel as teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was by die pleging van die moord nie en teen die

gevolglike / ........

gevolglike doodvonnis wat hulle opgelê is. Aldrie appelleer ook teen die doodvonnis wat hulle op die aanklag van verkragting opgelê is.

Die oorledene, ŉ 48-jarige Swart man, is die oggend van 22 Julie 1985 dood aangetref in die kajuit van sy vragwa waar dit langs die pad in die omgewing van ŉ woonbuurt bekend as Sekgopo naby Duiwelskloof geparkeer was. Daar was ses steekwonde in die oorledene se rug en sy. ŉ Sewende steekwond in die nek het die twee hoofslagare na die brein afgesny en die dood veroorsaak. Die oorledene was met ŉ besending goedere na Phalaborwa op pad en het die vorige aand op Sekgopo aangekom en besluit om daar te oornag. By ŉ kafee het hy die klaagster, ŉ volwasse Swart vrou, ontmoet en hulle is saam na die

vragwa om die nag daar deur te bring.

Dié betrokke aand het die drie beskuldigdes mekaar op Turfloop naby Pietersburg by 'n biersaal ontmoet vanwaar hulle in beskuldigde 1 se kombi na Kgapane vertrek het nadat hulle eers in Tzaneen brandstof inge= gooi het. Hulle het 'n biersaal in Kgapane besoek en toe teruggekeer na Turfloop. Op pad het hulle deur Sekgopo gereis en op die vragwa afgekom met die oorledene en die klaagster in die kajuit. Die kombi, wat op daardie stadium deur beskuldigde 1 bestuur is, het naby die vragwa gestop. Die klaagster, wie se getuienis deur die Verhoorhof aanvaar is, het getuig dat sy wakker geword het toe 'n persoon die venster van die vragwa stukkend slaan. Die persoon het sy hand deur die

venster gesteek, die deur van binne oopgemaak en haar uit die vragwa getrek. Terselfdertyd het twee ander persone wat saam met die eerste een was, by die kajuit van die vragwa waarin die oorledene nog was, ingeklim. Sy het gehoor dat die oorledene vra: "Wat maak julle?" en dat een van die persone antwoord: "Jy moenie met ons praat nie". Sy weet nie wat verder met die oorledene gebeur het nie. Die een wat haar uit die vragwa gehaal het, het haar na die Kombi geneem, haar daar ingedwing en haar op die agterste sitplek verkrag. Daarna het die ander twee na die kombi teruggekeer en hulle het daarvandaan vertrek. Op pad het die ander twee haar ook verkrag.

Die klaagster se getuienis dat aldrie die

beskuldigdes / .......

beskuldigdes haar agter in die kombi verkrag het, is nie tans in geskil nie. Sy was onseker oor watter een van die beskuldigdes haar na die kombi geneem en haar eerste verkrag het. Sy was ook onseker oor die volgorde waarin die ander twee haar verkrag het. Die Verhoorhof het bevind dat dit beskuldigde 1 was wat haar na die kombi geneem en haar eerste verkrag het terwyl beskuldigdes 2 en 3 by die vragwa was. Die Verhoorhof het verder bevind dat beskuldigde 3 die kombi bestuur het toe dit daarvandaan na Pietersburg vertrek het. Op pad het die kombi twee keer met enjinprobleme gaan staan. Die Ver=hoorhof het bevind dat na die eerste keer beskuldigde 1 verder bestuur het terwyl beskuldigde 3 toe die klaagster verkrag het, en dat na die tweede oponthoud beskuldigdes

3 en 2 plekke geruil het en dat beskuldigde 2 haar toe verkrag het. Net voordat hulle op Pietersburg aangekom het, het beskuldigdes 2 en 3 weer plekke geruil sodat beskuldigde 3 agter by die klaagster gesit het toe hulle in die vroeë oggendure by 'n vulstasie in Pieters= burg stop om brandstof in te neem. Volgens die onbetwiste getuienis van die petroljoggie het beskuldigde 3 die klaagster na die toilet vergesel en toe hul terugkom, het sy geweier om weer in die kombi te klim. Die drie beskuldigdes was genoodsaak om sonder haar te vertrek.

Om terug te keer na die toneel van die moord. Die enigste staatsgetuienis oor wat daar gebeur het, is dié van die klaagster waarna ek reeds verwys het. Die

drie / ........

drie beskuldigdes het elkeen verontskuldigende en botsende weergawes gegee wat as vals deur die Verhoor=hof verwerp is. Beskuldigde 1 se getuienis was dat hy deur beskuldigde 2 gevra is om by die vragwa te stop. Beskuldigde 2 het na die vragwa gegaan, teruggekom en vir hom en beskuldigde 3 geroep. Die ander twee het vooruit na die vragwa geloop en hy het agterna gekom. Toe hy nog aankom, het hy gehoor dat 'n venster breek en dat 'n vrouestem om hulp roep. Die deur van die vragwa het oopgegaan en die klaagster het uitgeklim en met beskuldigde 3 gepraat wat langs die vragwa gestaan het. Beskuldigde 1 het nader gegaan en die klaagster gevra om saam met hom na die kombi te gaan, wat sy

vrywillig gedoen het. Terwyl hulle wegstap van die vragwa, het hy vir beskuldigde 2 in die kajuit van die vragwa gesien en hy het 'n geluid gehoor soos dié van 'n bakleiery. Terug in die kombi, het hy aan die slaap geraak en hy weet nie wat by die vragwa gebeur het nie.

Beskuldigde 2 het getuig dat beskuldigde 1 onverwags by die vragwa gestop het. Toe hy vir beskuldigde 1 vra waarom hy daar stop, het laasgenoemde geantwoord dat beskuldigde 3 gesê het dat hy moet stop. Beskuldigdes 1 en 3 het na die vragwa gegaan en hy het gehoor dat iemand skree: "Jy is besig om my dood te maak". Beskuldigde 2 het toe uitgeklim en na die vragwa gestap. Hy het vir beskuldigde 1 teengekom wat met die klaagster op pad was na die kombi. Hy het saam met hulle in die kombi geklim

en / ........

en weet nie wat by die vragwa gebeur het nie. Na 'n rukkie het beskuldigde 3 teruggekom en hulle het vertrek.

Beskuldigde 3 se weergawe was dat beskuldigde 2 vir beskuldigde 1 gesê het om by die vragwa te stop. Beskuldigde 2 is alleen na die vragwa en het later teruggekom om vir beskuldigde 1 te kom haal. Later het hy gehoor dat beskuldigde 1 vloek en hy is toe ook na die vragwa. Daar het hy beskuldigde 2 met 'n ander persoon in die kajuit sien baklei. Die klaagster het tevoorskyn gekom en beskuldigde 1 het saam met haar na die kombi gegaan. Beskuldigde 3 is ook terug na die kombi. Later het beskuldigde 2 ook teruggekom en hy het vir beskuldigde 2 gevra wat by die vragwa gebeur het, waarop laasgenoemde geantwoord het: "Daardie dom mens,

dit is al lank dat ek vir hom waarsku dat hy vir my lastig geval het" . Hulle het toe vertrek. Beide beskuldigdes 1 en 3 het getuig dat hulle vroeër die aand, en voordat hulle by die plek gekom het waar die vragwa was, by 'n sekere huis in Sekgopo gestop het op versoek van beskuldigde 2. Hy het navraag oor 'n meisie gedoen en die mense daar het aan hom gesê: "daar voor is 'n trok en jou mooi dingetjie is daar". Die onbetwiste getuienis van die klaagster was egter dat sy geeneen van die beskuldigdes geken het nie.

Die Verhoorhof het bevind dat die drie beskuldigdes na die vragwa gegaan het met die gemeenskaplike opset om die meisie in die kajuit met geweld te neem en haar te verkrag, dat elkeen die moontlikheid voorsien het

dat die oorledene weerstand sou bied, dat geweld gebruik sou moes word om sy weerstand uit te skakel en dat hy deur een of meer van hulle gedood kon word in die uitvoering van hul plan, hom daarmee versoen het en besluit het om nogtans te handel.

Volgens die klaagster se getuienis wat, soos ek reeds daarop gewys het, deur die Verhoorhof aanvaar is en waarvoor daar oorgenoeg stawing te vind is in die onbetwiste feite, is daar nie die geringste twyfel nie dat die drie beskuldigdes met 'n gemeenskaplike opset om die klaagster met geweld te ontvoer en dan te verkrag, gehandel het. Die moeiliker vraag is of elkeen van die beskuldigdes die moontlikheid van die oorledene se dood voorsien het. In die eerste plek kan

uit al die getuienis met sekerheid aanvaar word dat al drie beskuldigdes geweet het, nog voordat die ruit van die kajuit gebreek is, dat beide die oorledene en die klaagster in die kajuit was. (Die Verhoorhof se stelling dat in 85 persent van alle gevalle waar ŉ vragwa soos dié in die huidige saak in die nag langs die pad staan, die bestuurder met ŉ vrou daarin sal wees, is natuurlik ongeregverdig.) In die tweede plek is dit duidelik dat die drie beskuldigdes moes voorsien het dat geweld ook teen die oorledene nodig sou wees ten einde die klaagster te ontvoer. Hulle moes verwag het dat hy weerstand van een of ander aard sou bied en dat geweld gebruik sou moes word om sy weerstand uit te

skakel/.......

skakel. Myns insiens kan dit aanvaar word dat hy nie die klaagster in die middel van die nag op ŉ verlate plek vrywillig aan hul genade sou uitlewer nie. Dat die beskuldigdes geweld beoog het, blyk duidelik uit die feit dat hulle sonder meer die ruit van die kajuit stukkend geslaan het en dat toe die oorledene, wat waarskynlik nog deur die slaap was, vra "wat maak julle?", een van die beskuldigdes geantwoord het: "Jy moenie met ons praat nie". Die Verhoorhof het die klaagster se getuienis aanvaar dat elke beskuldigde ŉ mes gehad het. Beskuldigdes 1 en 3 het wel ontken dat hulle self messe gehad het, maar hulle het gesê dat beskuldigde 2 ŉ mes gehad het en volgens beskuldigde 1 het hy reeds

vroeër die aand dié mes gebruik om aan die kombi te werk. Dit is nie namens beskuldigde 2 betoog dat die Verhoorhof se bevinding dat hy 'n mes gehad het, verkeerd was nie. Die Verhoorhof het inderdaad bevind dat beskuldigde 2 die een was wat die oorledene die steek=wonde toegedien het, en dat beskuldigde 3 saam met hom in die kajuit was en die oorledene vasgehou het terwyl beskuldigde 2 hom steek. Onder al die omstandighede, is die enigste redelike afleiding dat al drie die beskuldigdes die moontlikheid voorsien het dat ten minste beskuldigde 2 sy mes sou gebruik. Hulle het die moontlikheid van dood voorsien en onverskillig daaromtrent voortgegaan met die uitvoering van hulle

plan. Dit is verder duidelik dat elke beskuldigde se aandeel daadwerklik bygedra het tot die veroorsaking van die oorledene se dood (vgl S v Maxaba en Andere 1981(1) SA 1148(A) op 1155 G). Al drie beskuldigdes is dus tereg skuldig bevind aan moord op die oorledene.

Dit bring my by die beskuldigdes se appèlle teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandig= hede by die moord was nie. Namens al drie is betoog dat die volgende feite en omstandighede afsonderlik of kumulatief versagtende omstandighede daarstel: die feit dat hulle heelwat gedrink het vroeër die aand, die feit dat daar nie direkte opset om te dood was nie en die afwesigheid van voorafbeplanning. Namens beskuldigde 1

is ook gesteun op die feit dat hy slegs 20 jaar oud was ten tyde van die pleging van die misdaad.

Die Verhoorhof het bevind dat hoewel al drie beskuldigdes vroeër die betrokke aand gedrink het, drank geen rol in hul optrede gespeel het nie. Indien gelet word op die behendigheid van elkeen se optrede en die fyn besonderhede waarmee elkeen die aand se gebeure beskryf het, kan die bevinding van die Verhoorhof nie fouteer word nie.

Die afwesigheid van die direkte oogmerk om te dood en die afwesigheid van voorafbeplanning kan onder die omstandighede van die huidige saak nie as versagting aangemerk word nie. Ten minste op die stadium toe

hulle die venster van die vragwa gebreek het, was die plan om die klaagster te verkrag reeds gevorm. Dat die plan moontlik eers gevorm is nadat die beskuldigdes by die vragwa stilgehou het, is nie ter sake nie. Dié plan het die gebruik van die mes ten einde die oorledene se weerstand uit te skakel, en die oorweging van die risiko van sy dood ingesluit. Die wyse waarop die plan uitgevoer is, deurdat die oorledene in sy slaap oorval en koelbloedig doodgesteek is, dui op 'n doel= bewuste en totale verontagsaming van die risiko van die oorledene se lewe (vgl S v Mafela and Another 1980(3) SA 825 op 829 A-B).

In die geval van beskuldigde 1 is daar geen

aanduiding in sy optrede die betrokke aand van onvolwassenheid of beinvloeding deur die ander nie. Inteendeel, in sekere opsigte het hy die leiding geneem en as voorbok opgetree. So bv het hy die deur van die kajuit oopgemaak en eerste ingeklim.

Na my mening is daar geen basis waarop met die Verhoorhof se bevinding oor versagtende omstandighede in die geval van al drie beskuldigdes ingemeng kan word nie.

Ek handel laastens met die appèlle teen die doodvonnis wat vir verkragting opgelê is. Dit is al herhaaldelik in uitsprake van hierdie Hof beklemtoon dat wanneer die doodvonnis in die uitoefening van die

Verhoorregter se statutêre diskresie opgelê is, hierdie Hof se bevoegdheid om daarmee in te meng, beperk is tot gevalle van onreëlmatigheid, wan= voorligting of onredelikheid. Die grondbeginsel van die verskillende formulerings wat deur hierdie Hof van tyd tot tyd aangewend is om te bepaal of ingryping geregverdig is, is dat hierdie Hof alleen inmeng as hy oortuig is dat die Verhoorregter sy diskressie op ŉ onbehoorlike of onredelike wyse uitgevoer het. Sien die meerderheidsuitspraak van BOTHA AR in S v Pieters, ŉ ongerapporteerde beslissing van hierdie Hof, gelewer op 21 Mei 1987 en vroeëre beslissings soos S v Pillay 1977(4) SA 531(A) op 534 H - 535 G en

S v S 1987(2) SA 307 op 311 G-H.

Daar is namens appellante betoog dat die Verhoorregter die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes buite rekening gelaat het by die oorwe= ging van 'n gepaste vonnis en dat hy nie oorweging geskenk het aan die moontlikheid van die beskuldigdes se rehabilitasie nie. Die gedeelte van die uitspraak waarop in hierdie verband gesteun is, verskaf self die antwoord op die betoog. In die voorafgaande paragrawe van die uitspraak handel die Verhoorregter volledig met die persoonlike omstandighede van elke beskuldigde, hoewel hy nie uitdruklik na die moontlikheid van rehabilitasie verwys nie. Dit is duidelik uit die

passasie waarop gesteun word, dat die Verhoorregter van mening was dat die erns van die misdaad die ander oorwegings oorheers. Na my mening kan nie gesê word dat die Verhoorregter fouteer het deur hierdie beskouing te handhaaf nie (vgl S v Mooi 1985(1) SA 625(A) op 631 A-B).

Daar is verder namens die beskuldigdes gesteun op die drank wat hulle vroeër die aand gedrink het. Ek het reeds daarop gewys dat volgens alle aanduidings die beskuldigdes nie deur drank beïnvloed was nie.

Laastens is namens die beskuldigdes aange= voer dat die Verhoorregter nie voldoende gewig geheg het aan die feit dat die klaagster nie beseer is nie.

In sy uitspraak handel die Verhoorregter uitdruklik met hierdie aspek en kom daarna tot die gevolgtrekking dat die doodstraf die gepaste straf is in die lig van die erns van die misdaad en al die ander feite van die saak.

Wanneer al die feite en omstandighede van die saak in oënskou geneem word, kan na my mening nie gesê word dat die Verhoorregter sy diskresie onbehoorlik of onredelik uitgeoefen het nie. Daar is gevolglik geen basis waarop hierdie Hof kan ingryp en 'n ander vonnis oplê nie.

Die appèlle word afgewys.

W. VIVIER AR.

VAN HEERDEN AR)
STEYN WND AR) Stem saam.